„*Engels VIII*.—Beveel aan dat „Remedial Reading” by sillabus gevoeg word, wat hulp in studie-tegniek en studie-gewoontes sal insluit.

„*Kollege*.—Die kollege opleidingskursusse duur nou drie jaar voordat die studente kan graduateer. Ons glo dat dit 'n stap in die regte rigting is. Daar is ook voorsie-

ning gemaak vir genoeg klasse sodat 'n student nou die keuse van die volgende kursus het, n.l. 'n Teologiese, Normaal, of Literêre kursus. Hierdie indeling ruim die moeilikheid weg wat daar eers bestaan het in verband met die driejarige kursus. Die verskillende kursusse maak voldoende voorsiening vir 'n deeglike opleiding vir diens in die sendingveld, terwyl dit ook voorsiening maak vir 'n spesiale opleiding in die vakke wat die student verkies.

„TOETSE EN EKSAMENS

„Die volgende rapport in sake toetse word aangehaal uit 'n brief van Broeder F. T. Milne, Prinsipaal van die Johannesburgse Handels-Hoërskool:

„*Rekenkunde*.—(Volgens die grafiese voorstelling wat in die rapport voorkom, word die merke deur Helderberg studente behaal vergelyk met die van die studente op Johannesburg.) Die klein aantal studente in die verskillende klasse op Helderberg het 'n noukeurige vergelyking onmoontlik gemaak, maar nietemin is die syfers oor die algemeen leersaam.

„U sal in die eerste grafiek opmerk dat die werk van Standerds II tot VII bevredigend en bo die gewone peil is. Die feit dat rekenkunde nie in Standerd VIII gegee word nie is miskien verantwoordelik daarvoor dat daardie klas swak gevaar het. Dieselfde geld ook van die Meganiese Rekenkunde in grafiek 2. Wat betref die oplossing van probleme (grafiek 3) het die skool, behalwe Standerds VIII, goed afgesteek. Die grafiek van die grootste betekenis is die een waar die toets as 'n geheel aangetoon word (grafiek 4). In Standerds II tot VII het die skool 'n hoër peil bereik as die skole op die Witwatersrand, en die peil van die Rand se skole is net so hoog as die van enige ander provinsie van die Unie. Oor die algemeen kom ons tot die gevolgtrekking dat die peil op Helderberg hoër is as die van die Randse skole. (Die toetse wat aan Helderberg gestel was, was dieselfde as wat op die Rand aan sowat 6,000 leerlinge gestel was. Ek was persoonlik verbaas oor die resultate, veral die van Standerds V, VI, en VII, want dit is tamlik groot klasse.)

„*Tikskrif Toetse*.—Ek is ook in besit van die resultate van die Tikskrif toetse van Helderberg—Standerds IX en X, vergeleke met die van die Handels-Hoërskool. Dit was dieselfde toetse, onder dieselfde omstandighede gemaak en op dieselfde manier gemerk, ens. Die hoogste merke op Helderberg was 48 woorde per minuut; die van die Handels-Hoërskool was 25 woorde per minuut. Helderberg het gemiddeld 21.45 woorde per minuut bereik in Standerd IX, en 23.22 in Standerd X, vergeleke met 14.2 en 18 woorde van die Handels-Hoërskool. Verlede jaar het die Handels-Hoërskool van Johannesburg twee kandidate gehad in die eindwedstryd van die Junior Suid-Afrikaanse Tiksterswedstryd. Mens kan dus sê dat die peil van die Johannesburgse Handels-Hoërskool taamlik hoog is. Die gevolgtrekking waartoe ons kom is dat die peil van die Helderbergse

tikskrifklasse hoër is as die gemiddelde.

„Afrikaanse Toetse.—Die toetse wat in Afrikaans gestel was, was nie heeltemal so objektief nie. Die vraestelle was so ingerig dat die „opstel tipe” van vraag nie baie voorgekom het nie. Standerd VIII het gemiddeld 60% behaal, (gemerk op die basis van 60% om te slaag) terwyl Standerd X 62% behaal het — op dieselfde basis gemerk. Die vraestelle was van so 'n gehalte dat die Johannesburgse Handels-Hoërskool omtrent 40% sou behaal het — gebasseer op 40% om te slaag. Aangesien die Afrikaans van laasgenoemde skool op 'n hoë peil staan volgens die inspekteurs van die Unie Onderwysdepartement, voel ons dat die Afrikaans op Helderberg heeltemal bevredigend is, ten spyte van die feit dat die studente uit Rhodesië in die nadelige posisie verkeer van geen Afrikaans te ken as hulle na die skool kom nie.”

Behalwe wat ons reeds meegedeel het uit die rapport, wil ek daarop wys dat die kommissie ook sy sorgvuldige aandag geskenk het aan die volgende items:

1. Toesig oor die onderrig in die Junior Kollege (etlike bladsye van die rapport handel hieroor.)
2. Toesig en Beroepsstudie deur die prinsipaal en staflede.
3. Werksplanne en voorbereiding van lesse.
4. Die laste van elke lid van die fakulteit.
5. Toetse en eksamens.
6. Eerstehulp en Tuis-verpleging.
7. Ambagsvakke.
8. Industrië.
9. Verskillende fases van Normaal-opleiding.
10. Die kerkskool.
11. Verskillende oefeninge (drills).

Die rapport word afgesluit met 29 goeie aanbevelings vir oorweging van die Kollegeraad, Divisie-komitee, en die kollege staf, en hulle is almal gemik op die versterking van die werk in al die departemente van die skool.

Die rapport van die kommissie was baie op prys gestel beide deur die Kollegeraad en die staf. Maar afgesien daarvan is die rapport baie leersaam. Hoewel ons altyd gevoel het dat die skool op 'n hoë peil staan, het ons nie verwag dat die rapport so bemoedigend sou wees nie. Ons het alle rede om hoogmoedig te wees op, en geen rede om teleurgestel te wees in ons kollege op Helderberg nie.

Ons is bly om u mee te deel dat 'n inspeksie vir 1936 gereel is. Daar is nog 'n lid by die kommissie gevoeg en hierdie jaar is dit as volg:

Milton Robison, *Opvoedkundige Sekretaris, Suidelike Afrikaanse Divisie.*

E. M. Cadwallader, *Opvoedkundige Sekretaris, Suidelike Afrikaanse Divisie.*

F. T. Milne, *Prinsipaal, Johannesburgse Handels-Hoërskool.*

E. D. Hanson, *Prinsipaal, Spioenkop Sending Inrigting.*

Hierdie manne is terdeeg bevoegd vir die werk waarvoor hulle aangestel is, en ons kan verseker wees dat hulle op die fynste

besonderhede sal ingaan. Ongetwyfeld sal dit in 1936 nog meer die geval wees as in 1935, want nou weet hulle beter wat van hulle verlang word.

Waar ons die bostaande interessante feite uit die Inspeksie Rapport aan u meedeel, vertrou ons dat die informasie nuwe moed aan die ondersteuners van die kollege sal gee. Dit is alreeds die geval met die Kollegeraad. Hierdie rapport is nog meer bewys dat ons pogings om 'n sterk opvoedingsinrigting op Helderberg te vestig nie vergeefs was nie. Ons het 'n uitbreidende inrigting waarvoor ons ons nie hoef te skaam nie. Oor die afgelope agt jaar het daar oor die sewentig gegradueerdes sy poorte verlaat om hul plek te vul in 'n behoeftige wêreld. Dit is bemoedigend dat 85% van hierdie jongmense plek gekry het in die Meester se wingerd. Hulle doen vandag goeie werk.

Daarom sê ek nogmaals dat Helderberg Kollege 'n inrigting is van groot sedelike waarde. Dit is ons gebede en ondersteuning werd. Dit is deur God geplant om in 'n definitiewe behoefte te voorsien in hierdie dae wat ons bereik het. Dit het 'n heerlike toekoms. Dit het vandag 'n sterker staf as nog ooit tevore. Hierdie staf is toegewy aan die werk om die allerbeste te gee aan die jongmense wat aan hulle toevertrou is. Laat ons ons dus opnuut skaar rondom hierdie geseëde skool, en laat ons help om dit vir ons jongmense te maak wat die Here dit wil hê, beide in die redding van hul siele en om baie van hulle voor te berei vir die diens van Prins Emmanuel.



Ons Wil 'n Poging Hê

F. E. POTTER

HOE dikwels word die konferensie president nie oorlaai met versoeke van die kerke om 'n evangelis om 'n „poging” in hul dorp te kom hou.

Die gelowiges wil graag hê dat die boodskap wat vir hulle so dierbaar is ook in die terrein van hul kerk sal verkondig word. Hulle voer baie redes aan om hul versoek te steun. Een van die vernaamste redes is dat daar so lank laas 'n poging in hul dorp gehou was. Hulle stel soms voor om die poging geldelik te ondersteun, of dat al die lede hul sedelike steun sal gee.

Dit is alles goed en reg, maar daardie kerke besef nie dat hulle, en nie die konferensie staf, in die eerste plaas tot God verantwoordelik is om hul terrein te evangeliseer nie. Om te erken dat daar vir jare geen poging in hul terrein gehou is strek sekerlik nie tot eer van daardie kerk nie. Sulke nalatigheid kan nie vergoed word deur geldelike of sedelike steun aan te bied vir 'n poging deur 'n konferensie evangelis nie.

Hierdie toestand van sake, wat maar te dikwels in die Suid-Afrikaanse Unie aangestel word, is maar net 'n ander manier om te sê dat die werk van God deur die konferensie beamptes moet voltooi word.

Maar dit is regstreeks in stryd met die evangelieopdrag „Gaan die hele wêreld in” wat nie slegs aan die apostels gegee was nie, maar ook aan elke gelowige in Jesus Christus tot die einde.

En dit stryk ook nie met die geskiedenis van die vroeë Christelike kerk nie, wat bewys lewer dat dit grotendeels die kerklede was wat die evangelie versprei het en nie soseer die apostels nie.

Openbare evangeliese pogings is gewoonlik suksesvolle ondernemings, maar as dit toegelaat word dat dit die plek inneem van die evangeliewerk wat elke kerklid moet doen, dan verkeer die kerk van God in 'n haglike toestand. So 'n handelwyse is net die teenoorgestelde van die goddelike plan, en wat die groei van die kerk in getalle en op geestelike gebied betref, sal dit eendelig rampspoedige gevolge hê.

Die weergalose toestande wat vandag in alle lande van die wêreld heers behoort die volk van God onder 'n besef te bring van die plegtige feit dat hulle in die „laaste dae” lewe. In daardie dae sal daar „sware tye” wees — swaar vir wêreldling sowel as Christen. Die wêreldling sal swaar kry omdat hy nie die saligheid wil aanneem nie, en die Christen sal swaar kry omdat hy nalaat om die evangelie te verkondig aan sy medemens, en omdat hy hulle nie deur persoonlike pogings, onder leiding van Gods Gees, beweeg om dit aan te neem nie.

„Liefde tot die mens is die bewys op aarde van liefde tot God. . . . Wanneer ons die wêreld lief het soos Hy dit liefgehad het, dan is Sy sending, wat ons betref, volbreng. Ons is geklik vir die hemel, want ons het die hemel in ons harte.

„Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel — hou hulle tog terug! As jy sê: Kyk ons het dit nie geweet nie! — sal Hy wat die harte toets, dit nie merk nie? En hy wat jou lewe behoed, sal Hy dit nie weet nie? Want Hy vergeld die mens na sy werk.’ In die groot oordeelsdag sal diegene wat nie vir Christus gewerk het nie, wat net oor hulleself gedink en vir hulleself gesorg het, deur die Regter van die ganse aarde met die goddelose gereken word. Hulle ontvang dieselfde loon.

„Aan elke siel is daar 'n pand toevertrou. Aan elke een sal die Groot Herder vra, „Waar is die kudde, wat aan jou toevertrou was — die mooi kudde?” En „Wat sal u sê as Hy u straf?” — „Desire of Ages,” bls. 641.

Laat ons kerke dan regdeur hierdie groot Unie reëlings tref om „pogings” van hul eie te hou. 'n „Poging” hoef nie juis die vorm te neem van 'n openbare poging soos die van 'n evangelis en sy staf nie. 'n Goeie „poging” om siele te red kan ook gemaak word deur middel van die leesstof-bediening. Die hele kerk kan saam daaraan deelneem, of die kerk kan spesiale lede aanstel.

Daar is verskillende metodes van evangelisasie deur leesstof soos uiteengesit in die Buurtsending pamflette wat onlangs aan al die kerke gestuur is. Een van die suksesvolste maniere is om *Signs* en *Tekens*

in die terrein van die kerk te versprei deur intekenaars te werf en deur maandeliks los nommers te verkoop.

Die feit kan nie weerspreek word nie dat die verspreiding van leesstof een van die beste „pogings” is. Oor die jare was dit die middel waardeur oor die vyftig persent van diegene wat die boodskap aangeneem het gewin is.

Begin u „poging” dus vandag, geagte gelowige. Deur geloof in die beloftes van God en deur volharding kan u ’n winner van siele word, en dit sal nie alleen die ledetal van u kerk aanvul nie, maar dit sal u persoonlik ook ryker sêninge besorg.



Gevra — Baanbrekers

J. HUDSON STOCKIL

VIR geruime tyd al is die sirkulasie van die *Tekens* onbevredigend. Die sirkulasie van die Afrikaanse tydskrif het tot nog toe nie die verwagtings geregverdig van diegene wat in die eerste instansie verantwoordelik was vir die publikasie daarvan nie. Toe die *Signs* en *Tekens* onlangs vergroot en verbeter was, was dit gehoop dat die sirkulasie van die *Tekens* aansienlik sou vermeerder. Tot dus ver is dit nog nie die geval nie. Aangesien dit nie van die uitgewers kan verwag word om ’n blad aan te hou uitgegaa waarvan die sirkulasie so te sê nietig is, is dit ons plig om alles in ons vermoë te doen om nie slegs die Engelse nie, maar ook die Afrikaanse tydskrif te ondersteun.

Die rede waarom daar so min *Tekens* verkoop word is ongetwyfeld toe te skrywe aan die feit dat daar so min is wat dit verkoop. ’n Artikel kan nooit op die mark gebring word as daar nie verkopers is nie. Dit is waar dat die meerderheid in ons groter dorpe liever Engels verkies; maar wat van die kleiner dorpie? Ek het onlangs geleentheid gehad om ons tydskrifte in party van die klein dorpie van die Kaapland en die Vrystaat te verkoop, en in sommige gevalle het ek drie *Tekens* teen een *Signs* verkoop. Die moeilikheid is dat ons probeer om die Afrikaanse blad in die Engelse sentra te verkoop.

Voordat ons kan hoop om ’n vermeerdering in die sirkulasie van die *Tekens* te sien, moet ons eers die Afrikaanse dele deeglik bewerk. Dit is waar dat die Afrikaanssprekende persoon, weens godsdiens-tige vooroordeel, soms moeiliker is om te nader, maar omdat dit moeiliker is om die waarheid aan een deel van die bevolking te bring is dit geen rede waarom die waarheid glad nie na hulle geneem moet word nie.

Is daar nie diegene wat van hul tyd wil bestee om die sirkulasie van die *Tekens* uit te brei nie? Daar is tog seker sommige wat voltydse tydskrifwerkers wil word. Daar is ongetwyfeld persone in die kleiner dorpie, wat sal onderneem om met die hulp van die Here ’n aantal van ons Afrikaanse sendingblaaie elke maand te versprei. As ons net baanbrekerswerk wil

doen sal ons Afrikaanse tydskrif beter dae beleef.

Die groot behoefte van die *Tekens* is aan manne en vroue met die baanbrekersgees. As daar diegene is wat voel dat hulle meer behoort te doen as wat hulle op die oomblik doen, dan hoop ek dat hulle nie sal wag om aan die „Circulation Manager, Signs of the Times and Herald of Health,” Posbus 6, Claremont, Kaap, te skryf om volle besonderhede nie.

N. T. Konferensie

A. N. Ingle President

P. W. Willmore Sekr.-Tes.

Bus 256, Bloemfontein, O. V. S.

Omsendbrief aan die Lede van die Natal-Transvaal Konferensie

GEAGTE MEDE-GELOWIGES,

Die doel van hierdie omsendbrief is om u te verwittig van wat plaasevind het op die konferensie te Port Elizabeth, asook om u mee te deel dat u nou onder ons sorg kom en deel uitmaak van die Natal-Transvaal Konferensie.

Ek wil u hartlik verwelkom tot die nuwe organisasie, en hoewel dit ’n nuwe indeling is sal u merk dat dit ’n herstelling is van die grense van ons ou terrein.

Ons het maar net ’n paar werkers, en vir u inligting word hul staanplase hieronder aangedui:

Broeder Jno. Raubenheimer—hou ’n poging in een van die voorstede van Pretoria; *Suster Swanepoel* is hom behulpsaam.

Broeder A. W. Staples—hou ’n poging op Turfontein, Johannesburg; *Broeders Leslie Le Butt* en *Ernest Stevenson*, en *Susters Hilda McCullough* en *M. J. Dixie* is hom behulpsaam.

Broeder P. A. Venter—is op Pietersburg gevestig; *Broeder M. Coetzee* is hom behulpsaam.

Broeder J. J. B. Combrinck—is op Brakpan; *Suster R. van Rooyen* is hom behulpsaam.

Broeder A. J. Herholdt—is op Reitz; *Broeder D. A. de Beer* is hom behulpsaam.

Broeder P. J. van der Merwe—is op Kroonstad; *Suster Jeffrey* en *Broeder Aubyn Staples* is hom behulpsaam.

Broeder Duncan Eva—sal evangeliewerk begin onder d’e Indiërs in Natal.

Broeder Norman Cowley—is ons Veld-Sendingsekreteraris en het toesig oor die kolporteurs.

Op die oomblik het ons niemand om ons departementele werk te behartig nie, n.l. die Strewers, Sabbatskool, en Buurtsending Departemente, maar ons het ’n beroep uitgebring op *Broeder W. Cowper* wat op die oomblik in die Verenigde State

is vir verdere studie; ons weet hy sal die departemente op bekwame wyse behartig.

Ons het ook ’n beroep uitgebring op *Broeder Clifford Anderson*, ’n jong Australiese prediker wat op die oomblik in Londen werksaam is. Die plan is om hom in die wyk Durban-Maritzburg te plaas. *Suster H. Stow* sal hom behulpsaam wees as Bybelwerkster.

U sal besef dat ons min werkers het en dat ons ’n baie uitgestrekte terrein het om te bewerk. Waar ons trag om ons bes te doen moet u maar geduldig met ons wees geagte gelowiges. Ek hoop om u so spoedig moontlik te besoek. Gedenk aan ons in u gebede waar ons trag om die werk te behartig.

Ons is bewus van die groot behoefte aan ’n leraar om ons afgeleë lede te besoek. Ons weet wie ons vir hierdie werk kan kry, maar dit sal ten minste ’n ander £600 per jaar beteken om die onkoste te dek. Ek is egter seker, as almal hul tiendes getrou betaal, dat die moeilikheid sal opgelos word. Ek weet dat die meerderheid van ons lede hul tiendes en offergawes getrou betaal, maar hierdie brief mag iemand wat nie getrou is nie tot getrouheid aanspoor. Geagte medegelowiges ons het u hulp nodig in ons poging om die boodskap aan hierdie land te bring.

Ons kantoor sal so spoedig moontlik na Johannesburg verskuif word, maar dit sal nie voor die einde van Maart wees nie.

Waar ons groetnis aan u stuur vra ons om u voorbidding vir die uitbreiding van Gods werk in ons veld.

Met die beste heilwense, bly ek,

Getrou Die Uwe,

A. INGLE.



“I Had to Drop School”

“I HAD to drop school in the middle of the year,” said a bright-eyed girl, “but my pastor advised me to continue my work with the Home Study Institute. Now I am getting along fine.” Young people of the adventurous kind, who like to keep climbing, get a lot of fun out of their correspondence courses. French and German, Geometry, English, Bible, Typewriting, Bookkeeping and Stenography,—they all lend themselves very well to the Home Study programme, and, while pursuing these subjects, the boys and girls can live cheaply at home and earn something besides.

Write now to the Home Study Institute and ask for one of their catalogues, you who desire to spend the winter evenings pleasantly in doing something that will get you ahead in life and prepare you to fill a position.

HOME STUDY INSTITUTE,
Takoma Park, Washington, D.C., U.S.A.



LOATHING pretense, he did with cheerful will

What others talked of, while their hands were still.

—Whittier.

African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON Editor
D. A. WEBSTER Asst. Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS:
J. F. Wright President.
A. E. Nelson Treas. and Auditor
M. P. Robison Secy. and Ed. Secy.
L. L. Moffitt M. V. Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge Medical Secy.
F. E. Potter H. M. and Field Miss. Secy.
J. I. Robison Religious Liberty Secy.

Helderberg News Notes

SEVEN or eight of the teachers are enrolled in Afrikaans classes, doing their bit to make South Africa bilingual. We hope they persist until they use Afrikaans with facility.

THE bathroom in the basement of Salisbury house is being completely renovated and at the same time enlarged so as to make a modern bathroom for the young men.

THE latest student to enrol is Anna Alkema of Pretoria who arrived on February 20. A number of the student colporteurs have come in during the past few days as well.

THE election of student members of the College Council took place in chapel on Wednesday, February 19. Wesley Bastiaans, Brian Ellingworth, Muriel Hankins and Ferne Wilson were elected.

THREE weeks of school have now passed and much solid work has already been accomplished. An excellent spirit of industry prevails in the school, and each student seems bent on making this the best year in his experience.

At a recent meeting of the library committee plans were laid to add several hundred new books in the near future. The library is growing at the rate of about 500 volumes a year. Many gifts of books have been made by friends of the school. The idea is a splendid one.

THE finest crop of peaches for years is being thoroughly enjoyed by the school community. Grapes in abundance will be on in a few days. The school vineyards are just coming into bearing nicely. More than 1,000 quarts of choice Alberta peaches are ready for winter use.

MRS. MARX left on the 18th after spending a few weeks with Mr. and Mrs. Marais. Elder Bozarth spent a few hours at the school recently. Pastor Isaac of Solusi Mission spoke to the students in chapel a

few weeks ago. He is *en route* to the General Conference. Elder and Mrs. Mote spent Sabbath February 15 at the college. Elder Mote took the Sabbath service.

THE students enjoyed a very pleasant evening recently when Elder Wright showed several rolls of films which he has taken recently. These gave a vivid representation of native life and our far-flung mission work in Africa. The films shown are to be used at the General Conference in May. A variety of views of the college will also be included.

A FEW words from a graduate of the school expresses the real spirit of Helderberg and what it means to those who spend a few years here. "I want to thank you and the staff and all the students and all that I know for all that you have done for me. I can assure anyone who is at all doubtful, that next to one's own home and loved ones, Helderberg and the folk there mean more to one after one leaves than anything else in all the world. I am happy for the foundation which Helderberg has given me. I am happy for the interest and the wonderful friends made there, and truly I cannot thank God enough for all our school and Christian Education has done for me."

Such statements as the above cause us to realise anew the large place that our college is intended under the blessing of God to fill in the lives of our young people.

General Conference Session San Francisco — 1936 *Review and Herald*

THE *Review and Herald* will carry the official report of the General Conference Session, May 26 to June 11, and this report will require at least twelve *extra* numbers of the *Review and Herald*.

To enable all believers to have a personal copy of the proceedings of this important assembly a special SIX WEEKS' SUBSCRIPTION to the *Review and Herald* is being offered for the small sum of 5/-. This fee includes foreign postage. This subscription will open May 21 and close June 25 and will include at least eighteen issues—twelve special and six regular.

Existing subscribers to the *Review and Herald* who may wish to have *extra* copies of these reports can thus secure them by means of this special subscription.

A full year's subscription to the *Review and Herald* to include all the *extra* issues featuring the General Conference Session meetings can be had for 15/- post paid.

PLACE ORDERS WITH YOUR
BOOK DEPOSITORY NOW

"Room at the Top"

"THERE is always room at the top." So ran the old adage when you and I were boys and needed an incentive to better preparation for service. And so it runs today.

As the years have passed, changes have come in many features of the world's work. Much of what was once considered satisfactory has now become antiquated. In science, in mechanics, in transportation, in business, in many of the leading functions of enterprise, practices that were par-excellent a few years ago are now in the discard.

Persons who then were proficient in professional or artisan pursuits, but who have not made substantial advancement since, are now dropping far behind. Only those who have grown with their tasks are able to keep up with the material progress of the times, and are still giving good service in their chosen lines of endeavour.

Shifting emphasis and restricted conditions in recent years have placed limitations on the number of workers required to fill present positions. Necessarily, where so many as formerly cannot be used to advantage, those who are best fitted by training and temperament are the ones that are selected.

In the work of the Seventh-day Adventist denomination, as in many other lines of endeavour, those who have the best qualifications are the ones who are most sure of preferment. While there is always room at the top, those who successfully occupy that place must be real *top-notchers*. The ability to attain and hold this desirable position comes rightly through careful preparation and training.

You may be in a position where your present employment makes it impossible for you to stop and spend time in the advance preparation that you would like. Hundreds of others have been in similar perplexity. But many of them have surmounted the difficulty by enrolling in a good correspondence course and settling right down to push forward.

The Home Study Institute has been established to help just such as you. You may be a bookkeeper or accountant—probably a good one—but you want to be better. The Home Study Institute courses in this line are second to none. The text material that is used in their study of accounting is the same that is given in some of the largest universities and correspondence schools in the country. If you are interested in improving your ability by a real study of Bookkeeping, Principles of Accounting, and Auditing, you will do well to investigate the good quality, the low cost, and the exceptional advantages of the Home Study Institute's courses in these important subjects.

CLAUDE CONARD,

Auditor, General Conf. of S. D. A.